# Ons KANDELAAR

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Krugersdorp

Jaargang 75 | Nommer 34 | 31 Augustus 2025


## Predikant


Dr. De Wet Saaiman
Wolkbergstraat 11
Noordheuwel
dsaaiman@isat.co.za
072-378-8759
011-954-4775




## Gereformeerde Kerk Krugersdorp

H/v Begin- en Premierstraat, Krugersdorp-Noord
Sel: 072 854 0953 E-pos: skriba@gkkrugersdorp.co.za
GPS: S26 05.389 O27 46.649
Webblad: www.gkkrugersdorp.co.za

## NAGMAAL: SONDAG 31 Augustus 2025 – Dr De Wet Saaiman




**Skrifgedeelte:** Johannes 4:27-34
**Belydenis**: HK, Sondag 49
**Teksvers:** Matteus 6:10b
**Tema:** Die Onse Vader (5): Laat U wil geskied!

Jesus leer ons in die Onse Vader om te bid: *"Laat U wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde."* Hierdie bede herinner ons daaraan dat God se wil soms deur swaarkry en pyn loop, soos by Job, Paulus, Maria en selfs Jesus in Getsemane. Ons moet erken dat ons dikwels nie volmaak gehoorsaam is nie en dat ons hart selfs teen God se wil kan worstel. Tog is ons geroep om nie vrede te maak met ons ongehoorsaamheid nie, maar om soos Christus te streef na volmaakte gehoorsaamheid. Gehoorsaamheid is nie net 'n plig nie, maar 'n vreugde en seën: dit bring vrede, harmonie, geluk en lei ander na God toe. Elke Nagmaal herinner ons aan Jesus se volmaakte gehoorsaamheid en ons eie roeping om God se wil lief te hê en uit te voer. Ons let op:

a) Ons EIE GEBREK aan gehoorsaamheid;
b) CHRISTUS SE VOORBEELD van gehoorsaamheid;
c) Die SEËN EN VREUGDE van gehoorsaamheid.

## Nabetragtingsdiens – Dr De Wet Saaiman

**Skrifgedeeltes:** Psalm 104:24-30 en Markus 6:35-44
**Belydenis:** HK, Sondag 50
**Teksverse:** Psalm 104:27-29 en Matteus 6:11
**Tema:** Die Onse Vader (6): Ons brood vir die dag!
Die vierde bede van die Onse Vader, *"Gee ons vandag ons daaglikse brood,"* wys ons dat God ook in ons kleinste, alledaagse behoeftes belangstel. Christus leer ons om nie net vir geestelike dinge te bid nie, maar ook vir brood, doodgewone brood, omdat dit uit die Vader se hand kom. So word ons gebede bewaar van twee uiterstes: aan die een kant die heidense gedagte dat godsdiens net 'n middel is om stoflike seëninge te verkry; en aan die ander kant die fout om te dink dat ons God nie met ons alledaagse behoeftes mag *"lastig val"* nie. Christus self het hongeriges gevoed en siekes gesond gemaak; daarom mag en moet ons ons afhanklikheid, ons tevredenheid en ons vertroue in hierdie bede leer bely. Hierdie gebed roep ons om elke dag ons hande oop te maak vir die Vader, dankbaar te leef, nie oorvloed na te jaag nie, en Hom te vertrou vir môre. Ons let in die preek op:

a) AFHANKLIKHEID - Alles kom uit God se hand.
b) TEVREDENHEID - Net brood vir vandag.
c) VERTROUE - God sorg vir môre.

## SONDAG 31 Augustus 2025

Kollektes onder die erediens is vir Barmhartigheid.
Die tweede kollekte vandag is na die oggenddiens vir die kerkkas.

Die tweede kollekte Sondag 7 September is na die oggenddiens vir die Emeritaat-versorgingsfonds en na die aanddiens vir die Kerkkas.

### 09:00 Nagmaal en Dankdiens: Dr De Wet Saaiman

- Geen Kleuterkerk tydens die oggenddiens nie agv Nagmaal
- Geen Kinderbediening tydens die oggenddiens nie agv Nagmaal
- Konsistorie Diensbeurt: Wyk 5 – Oudl Hennie Minnaar
- Diakonale Diensbeurt: Groep 4
- Geen Tee/Koffie na die oggenddiens nie agv Nagmaal
- Geen Katkisasie nie agv Nagmaal

### 12:00 Nagmaal-ete

### Geen Aanddiens nie

## PROGRAM VIR DIE WEEK 1 TOT 7 SEPTEMBER 2025

**Woensdag 3 September**
09:00 korrektiewe dienste
**Donderdag 4 September**
10:00 Bybelstudie: Koningskindergroep
15:00 Voedingsprojek, Groep A olv sr Marisa Jacobs; Groep B olv sr Rita Strauss
**Vrydag 5 September**
09:00 Voedingsprojek, Groep A olv sr Marisa Jacobs; Groep B olv sr Rita Strauss
**Saterdag 6 September**
10:00 Lentetee

## Diensbeurte Sondag 7 September 2025

Kleuterkerk tydens die oggenddiens olv sr Debbie Verreynne
Kinderbediening tydens die oggenddiens olv sr Annerie Saaiman
Konsistorie Diensbeurt: Wyk 6 – Oudl Jaco van der Walt
Diakonale Diensbeurt: Groep 1
Tee/Koffie na die oggenddiens olv Lasca Joubert
Katkisasie: Les 19 vir Graad 1 tot 8 na die oggenddiens in die katkisasielokaal
Patmos Bybelstudiegroep kom na die oggendiens in die moederskamer byeen

## VAN HUIS TOT HUIS

### Gelukwense:

**Baie geluk aan ons 70-plussers wat in die komende week verjaar:**

***1 September***

- Br Koos Pieterse (084 520 1613) Wyk 2

***2 September***

- Br Manie Erasmus (071 479 7936) Wyk 11

**6 *September***

- Sr Janet du Plooy (082 334 7913) Wyk 9

**Baie geluk aan ons lidmate wat in die komende week verjaar:**

***31 Augustus***

- Sr Bernadette Henning (084 665 2011) Wyk 2

***1 September***

- Jbr Leon de Kok (083 745 5400) Wyk 1
- Br Dirk Smit (084 242 0110) Wyk 31

***2 September***

- Sr Tina Jacobs (073 128 3417) Wyk 6
- Sr Almarie Mokken (076 412 2052) Wyk 1

**3 *September***

- Br Rikus Schutte (001250 2046 800) Wyk 8

**4 September**

- Jsr Annemie du Plessis (084 528 6288) Wyk 3
- Br Jacques van Zyl (082 804 6275) Wyk 42

**5 September**

- Br Heinrich Koekemoer (082 459 2243) Wyk 34
- Sr Carina Visser (082 818 0959) Wyk 41

**6 September**

- Br Gavin Steyn (082 932 9999) Wyk 14

**7 September**

- Sr Tiannette vd Walt (079 389 8301) Wyk 30

**Daar is geen huweliksherdenkings die week waarvan ons bewus is nie**

### Lied en leed:

- Ons maak met leedwese bekend die afsterwe van br Johan van Tonder. Die troosdiens was Vrydag uit ons kerkgebou. Ons innige meelewing met sy familie en vriende. Mag die HERE jul ryklik vertroos.
- Ons innige meegevoel met sr Willa Coetzee (063 888 0161) Wyk 21 met die skielike afsterwe van br Sarel. Die troosdiens was ‘n familie-geleentheid en is reeds afgehandel. Mag die HERE vir sr Willa in haar hartseer vertroos en in die geloof versterk.
- Ons dink in ons gebede aan sr Suzaan Alberts (079 496 7965) Wyk 19 wat nog besig is met behandeling. Sterkte met die pad vorentoe.
- Ons dink aan sr Almarie en br Heinrich Mokken (076 412 2052) Wyk 1 wat eersdaags (DV 6 September) ‘n seuntjie ryker gaan word. Mag die bevalling voorspoedig en die jongman se opwagting ‘n vreugde wees. Ons kan nie wag om hom te ontmoet nie.

### Dankwoord:

- Dankie aan al die susters wat bygestaan het met die skink van tee en koffie by die troosdiens Vrydag. Al julle moeite en opoffering word opreg waardeer.
- By voorbaat dankie aan die Diensgroep vir Samekomste vir die heerlike sop, brood en nagereg met die Nagmaal-ete.

# KENNISGEWINGBORD

**Kollektes: 24 Augustus 2025**

| | |
|---|---|
| R 2356.00 | Oggend: Barmhartigheid |
| R | Oggend: Deure/ Kerkkas |
| R 260.00 | Aand: Barmhartigheid |
| R 120.00 | Aand: Deure/ Kerkkas |

**SnapScan: 24 Augustus 2025**

| | |
|---|---|
| R 1120.65 | Oggend: Barmhartigheid |
| R 494.62 | Oggend: Deure/ Kerkkas |
| R 99.60 | Aand: Barmhartigheid |
| R 38.64 | Aand: Deure/ Kerkkas |

## *Lentetee*




.



## *Gedagte vir die week*



Die HERE is my herder; niks sal my ontbreek nie. Hy laat my neerlê in groen weivelde; na waters waar rus is, lei Hy my heen. Hy verkwik my siel; Hy lei my in die spore van geregtigheid, om sy Naam ontwil. Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie; want U is met my: u stok en u staf dié vertroos my.
U berei die tafel voor my aangesig teenoor my teëstanders; U maak my hoof vet met olie; my beker loop oor. Net goedheid en guns sal my volg al die dae van my lewe; en ek sal in die huis van die Here bly in lengte van dae. Psalm 23 [1933/53-vertaling]

## *Wie ore het, moet luister!*

- **Matteus 13:9:** *"Wie ore het, moet luister!"*
- **Matteus 13:13,15, 16**: "*Om hierdie rede praat Ek met hulle in gelykenisse: omdat hulle kyk maar nie sien nie, en hoor maar nie luister en verstaan nie…. Hierdie volk se verstand is afgestomp: hulle het hulle ore toegedruk en hulle oë toegemaak sodat hulle nie met hulle oë kan sien en met hulle ore kan hoor en met hulle verstand kan verstaan en hulle bekeer, en Ek hulle gesond maak nie.' Maar julle oë is bevoorreg dat hulle sien, en julle ore dat hulle hoor.*" (Vers 16 kom uit Jesaja 6:9-10.)
- **Openbaring 2:7**: "*Elkeen wat kan hoor, moet luister na wat die Gees vir die gemeentes sê.*" (Dít sê die Here vir die gemeente in Efese, maar ook aan ál die ander gemeentes in Openbaring 2 en 3.) 1933: "*Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê*."

Jesus skerp sy hoorders op om werklik te **luister** na wat Hy vir hulle sê. Hulle moet *lúíster* na sy preke en gelykenisse. 'n Mens kan hoor wat iemand vir jou sê, maar ook nie werklik hóór nie. Dis by die een oor in en by ander een uit. Ek het een keer gehoor dat iemand by 'n onthaal, as hy mense groet wat vir hom vra hoe dit gaan, hy geantwoord het: My ma is vandag dood. Hulle het doodluiters net gegroet en nie *gehóór* wat hy gesê het nie. Hulle het nie *geluister* nie. Die klanke het net sover as hulle oordromme gegaan, maar nie tot in hulle harte nie.
In Matteus 13:1-8 vertel Jesus aan sy dissipels die *gelykenis van die saaier*, en in verse 18-23 verklaar Hy die gelykenis. Hierdie gelykenis gaan oor die *hoor van die Woord van die Koninkryk*, oor *die hoor van die evangelie van Jesus Christus*. Hoe *hóór* jy?
Jesus noem vier moontlikhede:

(1) Jy hoor die Woord van God, maar die Bose vat dit uit jou hart weg – soos wat voëltjies die saad oppik en dit groei nie. Jy het net gehoor, maar nie geluister nie, nie ter harte geneem wat God vir jou wil sê nie.

(2) Jy hoor die Woord, maar dit val soos op 'n harde klipbank, op 'n harde hart. Dit lyk of dit gaan groei. Dit saad kom gou op, maar verdroog net so gou. Daar is geen diepte nie. Jy hoor die Woord, neem dit met blyskap aan, maar omdat dit nie diep wortel skiet nie – as jy verdruk en vervolg word – word jy gou afvallig. Jy hét die Woord van God gehoor, maar dit het nie by jou ingesink nie. Jy het nie regtig geluister nie.

(3) Jy hoor die Woord, maar dit val tussen onkruid. Die onkruid is bekommernis, die verleidelikheid van rykdom, genietinge van die lewe. Hierdie dinge verdring die Woord van God in jou lewe – in só 'n mate dat jy nie regtig luister na wat God vir jou sê nie. Jou aandag is op 'n ander plek. Hierdie aardse dinge is net té belangrik. Dit verdring die Woord, dit verstik die Woord dat dit nie kan groei nie. En weereens: Jy luister nie!

(4) Dan is daar dié een wat die Woord hoor, én luister, én verstaan. Die Woord groei. Jy is gehoorsaam aan God. Jy dra vrug wat by die bekering pas. Jy is soos 'n goed toebereide akker. Die Here het jou deur sy Heilige Gees se werk in jou en deur sy Woord vrugbare grond gemaak. Jy dra vrug uit genade, want die opbrengs (100, 60, 30-voudig) is ver (!) méér as wat normaalweg die opbrengs in daardie tyd was. (Dit was maar viervoudig.) Die opbrengs is God se werk ('n wonderwerk) in jou deur sy Heilige Gees. Uit jouself kan jy nie só 'n opbrengs lewer nie.

Tog – jy het die plig om dié soort vrug te dra. Jy – wat die Woord hoor – het die verantwoordelikheid om te luister, om gehoorsaam te wees, om te dóén wat jy sê jy glo. Sélf kan jy dit nie doen nie. Nee, die Here maak jou bekwaam en gewillig om dit te doen. "*Dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae*." (Fil. 2:13)

Wanneer jy sy Woord hoor, en luister, wanneer jy gehoorsaam is, hoe lyk jou vrug – hierdie 100-voudige vrug – wat jy nie self nie, maar die Here jou lááť dra? Die Here se Woord is vol daarvan:

- Jy bid gereeld. Jy volhard om te bid. Jy soek God se aangesig voortdurend op. (Luk.18:1; Efes. 6:18)
- Jy verdiep jou in sy Woord, en luister na wat die Here vir jou wil sê – en dóén dan wat Hy jou beveel (Ps. 1:2).
- Jy vergewe ander mense, soos die Here jou vergewe het – al kos dit wát (Efes. 4:32; Kol. 3:13).
- Jy vergeld nie kwaad met kwaad nie (Rom. 12:17). Inteendeel, jy oorwin die kwaad met die goeie (Rom. 12:21).
- Jy het jou vyande liefhê; jy doen goed aan die mense deur wie jy gehaat word; jy seën die mense deur wie jy vervloek word; jy bid vir die mense deur wie jy sleg behandel word. As iemand jou op die een wang slaan, bied hom ook die ander een aan (Luk. 6:27-29).
- Jy kom deel in die eredienste. Jy kom ontmoet God saam met ander gelowiges. Jy kom loof en eer en dank God in die erediens, en kom versterk jou geloof deur sy Woord (én die sakramente) deur die werk van die Heilige Gees (Hebr. 10:25).
- Jy sal alle ander mense hoër ag as jouself. Jy stel ander se belange bó jou eie. (Fil. 2:3-4). Voor alles – jy verloën jouself voor God. (1 Pet. 2:21)
- Jy sal God liefhê met jou hele hart, jou hele siel, jou hele verstand, en met al jou kragte, en jou naaste soos jouself (Mark. 12:30-31).
- Jy sal waaksaam wees, gereed wees om Jesus te ontmoet as Hy terugkom. Hy sal jou besig vind om jou roeping wat Hy jou opgelê het, uit te voer (Matt. 24:42-25:13).

Jy kan niks van hierdie dinge uit jouself doen nie (Joh. 15:5) – wat nog te sê 'n 100-voudige vrug oplewer. Hierteenoor egter: Jy is tot alle dinge in staat deur Christus wat vir jou krag gee (Fil. 4:13). God is by magte om oneindig méér te doen as waarvoor jy kan bid of aan kan dink (Efes. 3:20).

– As God met jou praat, moet jy luister, moet jy ag slaan!
– As God met jou praat, moet jy gehoorsaam wees!
– As God met jou praat, moet jy doen wat Hy sê – én: jy moet dit nóú doen!

<u>**Wie ore het, moet luister!**</u>

**–** Dr. André Grové



## PREEKPROGRAM – DERDE KWARTAAL 2025

31 Augustus (Nagmaal) (Geen aanddiens)

Oggend: Dr De Wet – Die Onse Vader (5) – Laat U wil geskied. Johannes 4:27-34 (T = Matt. 6:10b & HK, Sondag 49).

Oggend Dankdiens: Dr De Wet – Die Onse Vader (6) – Ons brood vir die dag. Psalm 104:24-30; Markus 6:35-44 (T = Matt. 6:11; Ps. 104:27-29 & HK, Sondag 50).

7 September

Oggend: Dr De Wet – Die Onse Vader (7) – Vergeef ons ons oortredings! Matteus 6:12; 18:21-35 (T = Matt. 6:12 & HK, Sondag 51).

Aand: Dr De Wet – Die Dordtse Leerreëls – Hoofstuk 2 – Weerleggend – Leef soos kinders van die verbond en laat die verbond in ons leef! Jeremia 31:27-34 (T = Jer. 31:31; Heb. 7:22).

14 September

Oggend: Dr De Wet – Die Onse Vader (8) – Verlos ons van die Bose! Matteus 4:1-11 (T = Matt. 6:13 & HK, Sondag 52a).

Aand: Dr De Wet – Die Dordtse Leerreëls – Hoofstuk 3/4 – Stellend – Die totale verdorwenheid van die mens! Genesis 1:26-31; 6:1-8; 8:20-22 (T = Gen. 6:5-6).

21 September

Oggend: Besoekende predikant – prof HF van Rooy

Aand: Dr De Wet – Die Dordtse Leerreëls – Hoofstuk 3/4 :4 – Weerleggend – Ons is uit genade, deur geloof gered! Efesiërs 2:1-10 (T = Ef. 2:8).

28 September

Oggend: Dr De Wet – Die Onse Vader (9) – Aan u behoort die Koninkryk. 1 Kronieke 29:10-30; Matteus 6:1-18 (T = 1 Kron 29:10-13 & HK, Sondag 52b).

Aand: Dr De Wet – Die Dordtse Leerreëls - Hoofstuk 5:1-2 – Stellend & Weerleggend – Dood vir die sonde, maar lewend vir God! Romeine 7:7-25 (T= Rom. 7:24-25).

**SKOLE SLUIT (3 OKTOBER)**

5 Oktober (Geen aanddiens - Dr De Wet verlof)

Oggend: Besoekende predikant – ds Jannie van der Schyff

12 Oktober (Geen aanddiens)

Oggend: Besoekende predikant – ds Jannie van der Schyff

**SKOLE OPEN (13 OKTOBER)**

## Bankbesonderhede

Die besonderhede van die FNB-bankrekening is soos volg:
Rekeningnaam: Gereformeerde Kerk Krugersdorp
Bank: FNB
Takkode: 255355 (My Branch)
Tjekrekening: 62876026511
Verwysing: Lidmaatnommer of Van; Spesifiseer asseblief waarvoor die EFT-betaling toegewys moet word

## *Ons Kandelaar* Proeflesers

Dr De Wet Saaiman (072 378 8759) en srs Corry Faling (082 421 8380); Maryke Coetsee (071 677 1381); Anne-Marie Venter (082 819 3272); Janet du Plooy (082 334 7913); en Meisie Naudé (083 655 5419); asook br Piet de Weerdt (083 455 6489).



KONTAK: MARK – 082 456 1081

# GONG

## Skietkompetisie

20 September 2025

ARRIVEER VANAF: 7h00
OPENING EN REëLS: 8h00 - 8h30
SKIET BEGIN: 8h30

REGISTREER NOU!

.22 LONG RIFLE
4.5 / 5.5MM PELLETS

KROKODILSPRUIT SKIETBAAN

TEN BATE VAN GEREFORMEERDE KERK KAMEELDRIFT

.22 LONG RIFLE BAAN VIR KINDERS (R20, REGISTRASIE OP DIE BAAN)
UITSTALLERS
HEERLIKE KOS EN DRINKGOED
GEEN KOELKASTE TOEGELAAT NIE
GESINSDAG
BRING JOU SPANNE (MEER AS EEN WELKOM) EN KOM KYK WIE IS DIE TOP SKUT

# ONS DAAG JULLE UIT

R800 PER SPAN VAN 2

SLUIT 2 PANNEKOEKE EN HEERLIKE KOFFIE IN

REGISTREER VIA QR KODE VOORAF

## GONG

Skietkompetisie

**TOP SHOT**
aparte ekstra kompetisie
R100
(EIE GEWEER EN AMMUNISIE, REGISTRASIE OP DIE BAAN)

.22 LONG RIFLE
4.5 / 5.5MM PELLETS
5 bane: elk met sy eie uitdaging
EIE GEWEER EN AMMUNISIE /
EKSTRA FOOI VIR LEEN VAN GEWEER EN AMMUNISIE

GEREFORMEERDE KERK KAMEELDRIFT

# GROOT PRYSE

Beste gemeente trofee